

25 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 5:5-11

Fokusgedeelte: Romeine 5:8

Met vaste voet op pad na die ewigheidslig, ongeag wie ons gister was

Ons almal ken daardie grenssituasies in ons lewe waar ons voel: Hier moet ek nou rekenskap gee van my geloof. Was dit toe jy met jou ouers oor jul oomblik van swakheid moes praat? Was dit net voordat hulle jou vir jou operasie in die teater ingestoot het? Was dit nou kort voor Nagmaal met die ouderling se besoek? Ons plaas ons op God se weegskaal en dan weet ons – ons word steeds te lig bevind!

Weet u, geen mens sal ooit honderd persent reg wees vir sulke oopsnyoomblikke nie. Wees dankbaar vir die vrede by God waarvan die vorige gedeelte praat. Dit is ons waarborg dat ons hoop op oorlewing, ongeag ons eie gebreke, nooit sal beskaam nie. Romeine 5:8 sê inderdaad dat God sy liefde aan ons bewys het deur Jesus vir ons te laat sterf het, juis toe ons nog sondaars was. Wat 'n troos hou dit in vir ons wat ons eie onmag om ons self te verlos, moet erken! Wat beteken dit nie alles vir die eensame mens wat niks en niemand het om nader te roep in die uur van stryd nie! Wat kan ek Hom bring uit dank vir sy genade!

Sing: Psalm 116:7 (p. 570)

Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)